

ORFEUS

by brett bailey

THERE ARE 2 TEXTS HERE:

1. THE ORIGINAL ENGLISH VERSION
2. AN AFRIKAANS TRANSLATION BY ANTJIE KROG

ENGLISH

CHARACTERS:

Storyteller: A woman who reads the story from a big old book

Guide: A priest who leads Orfeus through the ritual

Orfeus: A poet-musician

Eurydice: A woman who emerges from the audience in a trance to play Orfeus' love

Snake: A man who rapes and murders Eurydice, and carries her to the Underworld

Frog: The diminutive guide to the Underworld

King of the Underworld: An elderly, degenerate white man

Various Lost Souls of the Underworld: **The Forgotten Man, The Broken Man, The Shoemakers, The Refugees, The Sex Slaves**

meeting

Storyteller meets the audience at the meeting point. She rings a bell to catch attention, and gives the following instructions:

1. **Turn off your phones. Stop talking now. Remain silent until you return here.**
2. **You will move from place to place tonight. Follow your Guide when you are called.**
3. **Listen to the world around you. Watch the world around you. Don't look back.**

She leads the group in single file to the arena: a circle of white sand surrounded by seating bales in a ½ round formation. A shrouded figure is seated on a stool like an icon on one side of the arena on a raised platform.

In the centre: a small fire, a drum, and various props and paraphernalia.

There is an omnipresent dull droning sound, like an electric transformer.

The audience sits, and the Guide performs some small ritual action before the shrouded figure to begin the 'ceremony'.

1i - opening

Storyteller stands at a music stand to the left of Orfeus. She reads from a big old book.

STORYTELLER:

Before Orfeus

There was no music

No songs

No tunes

Nothing to hum when you're happy or sad

There were gunshots and there was weeping

There were hisses and growls

The cold ringing of fear

The clatter of laughter

A dull buzzing that went on forever

But music?

If there was we could not hear it

He brought us music

Taught us to sing

And slowly we began to understand

Guide begins a toneless, off-key song to invoke Orfeus. He stands and removes the white shroud that covers Orfeus. Beneath it is the mask of Orfeus with its collar of cascading red beads.

Later we killed him

Orfeus

We killed him right here in this place

We broke him in bits

With a song on our lips

We scattered his limbs upon the singing stones

We threw his head in the lake

It floats there

In the dusk

Like a flame

But that was later

Orfeus!

Orfeus!

On the floor of the arena, and with clean, Oriental simplicity, Guide manipulates an African carving of a man – the 'spirit doll' – and a white feather to dramatise

the story of Orfeus' journey. He turns on a small tape recorder and tinny flute music plays.

**One evening when he was a youth
Orfeus sat by the lake
And in the water he saw
The reflection of a white bird
A bird that radiates light
And he looked up quickly
But there was no bird there
Only stars spinning**

**He was unsettled
His heart was disturbed
So he left the lake without turning back
He left his people without turning back
He left this place and walked into the night
To find the shining bird
To find the bird that radiates light
He entered the forest in search of the bird
He crossed mountains and rivers in search of the bird
He journeyed for years
For his heart was disturbed**

Then, with his gift, he returned

Guide brings the dramatisation to a close, uniting statue and feather.

1ii - arrival

There is movement from Orfeus and Guide gently removes the mask. Beneath Orfeus' face is gold.

**Orfeus!
Look at your clothes
The way you walk
The light in your eyes**

**Look at his eyes
Shining like stars**

**He is back
What did you see?
Did you find your bird?**

But Orfeus does not speak

Guide hands Orfeus his guitar, and he begins to play softly. His eyes remain closed. Guide sits before him to listen. Pause.

Guide fetches a kettle from the fire, adds water to a tub.

**He weaves his sounds
He weaves his sounds for days
And all through the nights**

**They rise around us
His sounds
They lap against our ears
The world shifts
And we're falling**

Guide takes tub to Orfeus, crouches before him and wipes Orfeus' feet, then pours the water into the urns on either side of the altar.

Orfeus sings and Guide sits mesmerised by his song.

**This is a story about falling
Falling in love
Falling in tune
Falling about
And falling down
Down
Down**

**Months pass
Orfeus sings
And one day
One by one
We realize
The world has changed**

**These trees here, they used to be there!
The trees have moved closer**

**And those long-legged birds with black heads
They always fly over
They have never landed here before**

**The beetles, the lizards, the rabbits, the owls
They have paused
They listen
All in their place**

**The frogs press their ears
Against the skin of the lake
All in their place**

**We listen
Without future or past
Drinking the ancient story of our hearts
As the music
Enters
Our ears
And trickles through our bodies
Binding the dust
And we're falling**

Guide joins Orfeus in song. He collects sprigs of foliage from his table and inserts them into the urns on either side of the altar. He lights candles on the altar. Sound of gently cooing pigeons fills the evening.

**Listen, the fish are shimmering on the shores
The porcupines vibrate in the grass
The lilies unfurl like a symphony**

**Our hearts beating slowly together
Like the wings of a white bird
A bird that radiates light**

1iii - Eurydice

Orfeus' music builds in excitement and an entranced woman rises from amongst the audience and begins to dance in the arena, faster and faster, pulling off her clothes till she is in a white slip, then she collapses and the song ends. Guide catches her, holds her, caresses her, wipes her face, paints her face gold, places quills and feathers in her hair. Orfeus begins to play a soft, haunting melody.

**On the morning that the world becomes whole
She appears
A coral from the bottom of a pond
A jewel hidden in a dream
Had we sensed her before?
Just a feeling
A possibility without a name
And now here she is
Eurydice**

*Guide lifts Eurydice to her feet, and she moves, softly dancing, towards Orfeus.
Orfeus sings and Eurydice dances.
Guide crushes charcoal and smears it across his eyes, then rolling his eyes back
he plays rattles, looking for Snake.
A man – Snake – enters wearing a balaclava, a snakeskin cloth flung over his
shoulder. Snake rolls a cigarette and watches. Music falls again, an ominous
pulse.*

**The next character comes at night from under the ground
And it watches
With reptile eyes
And its reptile tongue
Flicking
Flicking
With its kiss of death
Its reptile kiss**

Snake lights his cigarette from the fire. Eurydice is still dancing.

**Go away Snake
Go back to your world
Secret world
Shameful world
Go away
We are learning to be who we are**

Orfeus breaks into song. Snake pushes into the audience.

**Orfeus sings with love
From his heart
And his song melts her fears**

Eurydice replies in song.

**And Eurydice responds from her heart
And love enters our ears
It kisses our memories
It seeps
Through our memories
Like smoke**

*Music dies. Eurydice faces Orfeus across the fire. When Orfeus' name is called
he opens his eyes for the first time and looks at her.*

**Orfeus
Says the woman**

Orfeus
You have freed me
All these years I've been sleeping
I've been dreaming you'd come wake me
And we'd be together
Forever
Says the woman
Forever

And we understand
Like we knew this before
Like it was always inside us
Waiting to rise with the dawn

Eurydice moves around the fire to kneel before Orfeus with her back towards him. He begins to play his love song.

This story is about a moment
A moment of clarity
A whisper of hope
A promise
A star in the loneliest night

Eurydice sings and Orfeus replies in song. Orfeus gives guitar to Guide, joins Eurydice at the fire, and they continue to sing to each other. Guide places flowers in urns and begins to play Tibetan bowl. Orfeus and Eurydice make love as the song fades away, and the Tibetan bowl is ringing.

1iv - death

Snake emerges from audience, drops his snakeskin on the ground.

And on the night of their marriage
After their love is merged
The man dreams
And in his dream a Snake enters his room

It is a hot night
And the man cannot move

The Snake enters while they sleep
A Snake on a mission
The woman is its prey
Its scales whisper across the floor

The Snake circles the couple, caressing them.

The Snake sniffs the woman while she sleeps

It is a hot night

**The man watches but he cannot move
In this dream he cannot move
He is paralysed**

Snake removes a piece of fabric from his pocket and strikes at Eurydice, suffocating her and pushing Orfeus aside. Eurydice struggles then goes limp. Snake penetrates her mouth with his fingers, fucking her.

**The Snake pierces the woman with its fangs
It drinks the life right out of her veins
And our dreams fade to black
With the tongue of a Snake in her flesh**

The Snake hoists Eurydice over his shoulder, and carries her off, leaving the snakeskin cloth on the ground.

1v - bereft

*Abruptly the bowl stops ringing and Orfeus wakes.
He sings quietly, sadly to himself. He sits slumped. Insects ring.*

**Before Orfeus
There was no music
No songs
No tunes
Nothing to hum when you're happy or sad**

**ORFEUS: *singing*
Eurydice, Eurydice!**

**STORYTELLER:
There were gunshots and there was weeping
There were hisses and growls
The cold ringing of fear
The clatter of laughter
A dull buzzing that went on forever**

ORFEUS:
Iyokoko koleyo

STORYTELLER:
He brought us music
Taught us to sing
And slowly we began to understand

ORFEUS:
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

Guide moves to fire and mixes a potion in a cup, singing softly.

STORYTELLER:
He looks everywhere for his wife
He looks amongst the stones and the cold and the shadows
But the woman is gone

ORFEUS:
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

STORYTELLER:
He looks everywhere for his wife
But she can not be found

ORFEUS:
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

STORYTELLER:
He looks everywhere for his wife
But she cannot be found
Then he knows he must go
To the world's secret places
Where the living should not go

ORFEUS:
Iyokoko koleyo

Guide takes potion and snakeskin to Orfeus. He is singing 'Tulila menda' softly, Storyteller joins him singing. Orfeus drinks potion. Guide wraps him with the snakeskin cloth and places the mask on his face. He places the 'Spirit Doll' in Orfeus' hands. Then he throws fuel on the fire so it blazes. He circles the fire

rattling his shakers, calling Frog. Frog appears from a distance with a lantern. Orfeus collapses as the song ends.

STORYTELLER:

**This story is about falling
And the things that we glimpse as we fall
This story is about hidden things
Things swept under the rug
Silent things
Things that bleed in the dust**

Frog enters the arena, plucks the 'Spirit Doll' from Orfeus and addresses the audience.

FROG:

**Follow me to the Underworld in dead silence.
Stick to the path.**

Frog leads the audience to a cemetery in the wilderness. A huge wardrobe stands amongst broken coffins and gravestones.

11 – the underworld

FROG:

**In the Underworld
The lost souls spin forever
You will see
Dark stars
Forever spinning
Bottomless
Unseen
Silent**

**And at the dead centre of the Underworld
The Great King waits
Waiting for you to join him
One day you will
Just like Eurydice
Forever together
You will see**

Follow me

He opens the doors of the wardrobe and leads audience through it between hanging clothes and into the Underworld. Dotted along the length of the

Underworld a series of dimly-lit stations can be seen. Big oily fires blaze. Bones litter the ground. Audience follows Frog into the darkness from station to station.

THE FORGOTTEN MAN: A man, dirty, wrapped in plastic sits atop a mountain of garbage bags, himself almost part of the garbage. Human bones are visible amongst the rubbish. He is quite mad, in his own world, and utterly obsessed with trying to clean his blood-stained hands with a scrap of plastic. A recording of indistinct, soft whispering voices spins a web around him. Orfeus, wearing his mask, approaches running, wide-eyed, singing.

ORFEUS: *singing softly, calling*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

FROG:
Lost among his memories
Orfeus meets the Forgotten Man
'Forgotten Man, have you seen my wife?' he asks

Silence, the man has not heard.
Orfeus sings softly, sorrowfully.

'Has my wife passed this way, Forgotten Man?'

But the Forgotten Man does not understand
He has been here forever
He has forgotten that he is a man

Orfeus backs away slowly, singing. The Forgotten Man registers his presence and pauses in his obsessive scratching, craning his ear towards Orfeus. Orfeus runs off into the darkness.

THE BROKEN MAN: The Broken Man crouches by a metal bed frame, naked, his eyes bound with gaffer tape, his left arm cable-tied to the frame. Thick red cables are also attached to the frame. The place smells of burnt hair or feathers, or a strong chemical. A pool of dark liquid on the floor beneath the bed, A pair of red rubber gloves. A bowl of old food or a bottle of water, just out of reach. The man is stunned. A high-pitched ringing tone. Orfeus approaches singing.

ORFEUS: *singing softly, calling*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

FROG:
In the Hall of Emptiness
Orfeus meets the Broken Man

‘Broken Man, have you seen my wife?’

Silence.

**But the Broken Man has no answer
He has been here forever
The things he has said are unspeakable**

Orfeus departs singing.

THE SHOEMAKERS: Frog leads us on to a group of huddled, shrouded human shapes on a patch of red plastic in a square of electric fencing. Each being is chained by the neck to a tall silver post. They are stitching white sports shoes. A mounted bullhorn bristling with static barks out an endless stream of inarticulate instructions. The place smells like human shit. We watch the scene. Orfeus appears.

**ORFEUS: singing softly, calling
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo**

**FROG:
In the Garden of Eternal Youth
Orfeus meets the Shoemakers
‘Shoemakers, have you seen my wife?’ he asks**

Shoemakers look up slowly, one by one, gaze at us, and we see they are gaunt, dirty black children. They have cow bells attached to the chains around their necks.

‘I’ve come to beg the Great King for the life of my wife.’

**But the Shoemakers are lost for words
They have been here forever
Their words have all been taken away**

Orfeus withdraws singing sorrowfully. The children respond, pausing in their stitching, swaying gently to the music, gazing off after Orfeus.

THE REFUGEES: Frog leads us to a platform where a mother holds her baby, sitting on a low stool in a cage. We watch the scene. Orfeus appears.

**ORFEUS: singing softly, calling
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo**

FROG:
Adrift upon the Sea of Longing
Orfeus meets the Refugees
'Refugees, have you seen my wife?'
He asks

The woman gazes out at us forlornly.

But their reply cannot be heard
They have been here forever
They lost their voices along the way

THE CENTRE: Frog leads us to a shack with closed curtains hanging before it. Boxes of appliances, medical supplies etc. are piled around. The King is slumped in a battered armchair typing on his laptop. Empty booze bottles lie at his feet. Light throws hard shadows; an electrical buzzing sound. Frog gestures to the audience to sit on grass mats. Orfeus runs up.

ORFEUS: *singing softly, calling*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

FROG: *quietly*
At the dead centre of the Underworld
Orfeus meets the Great King

KING:
What do you want, boy?
Whatever you need, we can arrange it.
Pharmaceuticals, arms, narcotics, children, oil, human organs, gems... you name it.
All untraceable. With the necessary paperwork.
Quarter the price you'll pay elsewhere.

FROG:
'King of the Underworld, have you seen my wife?' asks Orfeus

KING:
Women?

King signals to Frog to open the curtains on the showroom: 4 masked women sit in a row in white slips. Their hands are behind their backs, they have metal collars on their necks.

Ages: 11 to 36 years.

**Virgins. Disease-free. Imported.
Tireless, well-trained, silent, disposable... 2-year guarantee.**

*Orfeus, recognising Eurydice begins to sing sorrowfully.
King looks up, recognises Orfeus.*

**KING:
Hmm. Orfeus?
Your charms won't work down here, boy.**

**She won't recognise you, I've burst their eardrums, all of them.
She cannot hear you.**

Orfeus continues singing. Eurydice begins to move towards him.

**You don't belong here!
She's my goods now.
Go find another woman to dance to your pretty songs.
Business is business.
Voetsek!**

*Eurydice drags herself to Orfeus. He catches her and they cling to each other.
King is astonished, something softens in him.*

**Alright, Orfeus. Go. Take her! Get out of here. Take her home. Quickly,
before I change my mind.**

Orfeus and Eurydice cling together without moving.

**But listen. Don't turn back. Do you hear me? Do not turn around. She will
walk behind you. You will not see her until you are home. If you turn to
check on her she's mine. You understand? You'll never see her again. Go.**

Go!

Orfeus leads Eurydice away.

**FROG:
The man and the woman walk for nights
Nights without days
They walk forever
In a world without sound
A world without end**

**'Don't look back.' said the Great King
So he walks**

The woman behind him
But is she there?
Is she really there?
He cannot see her
He cannot hear her
Not a footstep
Not a breath

Have faith Orfeus!

Faith in who?
Faith in what?
Is she there?
If she has fallen
If she has strayed
If she can not hear him
He will never know
He can never return here
He will lose her forever

How strong is your faith?
Alone
Blind
In the dark
Light years from home?

Frog leads audience back past the Sufferers, who are singing Orfeus' song.

111i - waiting

Orfeus, masked, lies on the sand covered in the Snakeskin, his head on Guide's lap. Guide is caressing him, trying to rouse him with smoking herbs.

STORYTELLER:
He will come back
He will always come back

We've waited three days

Suddenly anxious

What if he never returns?
Three days is a long time
In an unknown world
Anything could happen

What will become of us?

**The animals are shifting in the grass
Predators and prey again
They forget so quickly
Their eyes like knives
Where is Eurydice?**

**This is a story about waiting
This is a story about faith**

**He will come back
He'll sing us the story of our ancient hearts again
Sing of birth and love and the promise of life
Sing so the lion nuzzles up to the lamb
The spider hums with the butterfly
Everything in its place
Forever together
Our hearts beating freely
Like the wings of a white bird
A bird that radiates light**

111ii – the return

Orfeus stirs and wakes. Guide removes the mask, helps him to sit up. He is dazed. Everything is very still.

**Orfeus!
Orfeus, look at you
You would never leave us alone
Where is your wife?
Where is our sister?
Are you hurt?
He is hurt
Look at your eyes
What have you seen?**

Guide helps Orfeus onto his stool.

**Eurydice!
Where is Eurydice?**

**Do not look in his eyes
He has changed**

Where is Eurydice?

*Guide hands him his guitar and waits behind him, comforting him.
Orfeus begins to play his guitar: dismal long chords.*

Orfeus does not speak

**He weaves his sounds
And they rise up around us
Washing over us, sucking us under
Dragging us away
Beyond the city walls
Beyond the farms and the fields
Beyond the Borders of Order
To the valley between two breaths**

Orfeus sings sorrowfully.

**The sobbing of missing children
The groans of the broken
The forgotten
The voiceless**

**We are inhaled by the Song of the Underworld
The Secret is out
An ecstasy of shame and of sorrow**

**The fish are weeping
The porcupines tremble
The lilies wilt
Everything broken
Everything scattered
Our hearts sinking into the sand**

**Did you look back?
The King *said* don't look back
Did you look back?**

Guide leaves Orfeus in despair. Sits by the fire. Orfeus continues his sad song.

**He panicked
At the very last moment he turned back, he panicked
She was right there, just a few steps behind him
He heard the rushing
He felt the tearing
He looked into her eyes**

**The eyes of his love
Sucked into darkness forever**

**ORFEUS:
Eurydice!**

**STORYTELLER:
So quickly it's over**

Orfeus begins another song, bitter sweet and beautiful at its climax.

**This is a story about falling
Falling in love
Falling in tune
Falling apart
And falling down
Down
Down**

Storyteller dances, sings with him.

111iii - closing

As the song is fading Guide places the shroud gently over Orfeus and the music stops. He lays the necklace of cascading red beads on top of his head.

**Later we killed him
Orfeus
We killed him right here in this place
We broke him in bits
With a song on our lips
We scattered his limbs upon the singing stones
We threw his head in the lake**

**It floats there
In the dusk
Like a flame
Still singing
You can hear it
Sometimes
On quiet nights
And we remember**

Guide begins to hum softly, folding the snakeskin and placing the mask at Orfeus' feet.

Before Orfeus
There was no music
Imagine
No songs
No tunes
Nothing to hum when you're happy or sad
He brought music to this place
So silent again now
And slowly we began to understand

He will be back

Humming, Guide tends the fire. Storyteller packs her book.

STORYTELLER:
Come

She leads the audience back to the meeting point.

END

AFRIKAANS

STORIEVERTELLER – 'n vrou wat 'n storie voorlees uit 'n groot ou boek

GIDS – Orfeus se Gids gedurende die seremonie in die arena

ORFEUS – digter-musikant

EURYDICE – 'n vrou uit die gehoor wat 'betower' is deur Orfeus se lied en speel sy minnares

SLANG – die man wat Eurydice verkrag en vermoor en na die Onderwêreld neem

PADDA – 'n klein, verflenterde gids na die Onderwêreld

KONING van die ONDERWERELD – 'n Bejaarde, verdorwe wit man

VERSCIEIE VERLORE SIELE UIT DIE ONDERWERELD – die Vergete Man, die Gebroke Man, die Skoenmakers, die Vlugtelinge, die Seksslawe

ontmoeting

Storieverteller ontmoet die gehoor by die ontmoetingspunt. Sy lui 'n klokke om hul aandag te trek en gee die volgende instruksies:

- 1. Sit asseblief julle selfone af. Hou dadelik op met praat. Bly stil totdat julle hierheen terugkeer.**
- 2. Julle gaan van plek tot plek beweeg vanaand. Volg jou Gids wanneer jy geroep word.**
- 3. Luister na die wêreld om jou. Kyk na die wêreld om jou. Moenie omkyk nie.**

Sy lei die groep in enkelgelid omtrent 400m met 'n bospaadjie af na die arena: 'n Sirkel van wit sand omring deur bale in 'n halwe sirkel. Aan die een kant sit 'n verborge, ikoniese figuur op 'n stoel.

In die middel: 'n drom, 'n klein vuurtjie, verskeie rekwisiete en toerusting.

Daar is 'n alomteenwoordige eentonige geluid, soos 'n elektriese transformeerder.

Die gehoor neem plaas en die Gids voer 'n klein ritueel voor die verborge figuur uit om die 'seremonie' te begin.

1i - opening

Storieverteller staan by 'n musiekstaander aan Orfeus se linkerkant. Sy lees uit 'n groot ou boek.

STORIEVERTELLER:

Voor Orfeus

Was daar geen musiek nie

Geen liedere

Geen wysies

Niks om te neurie as jy gelukkig voel of hartseer nie

Daar was geweerskote en daar is gehuil

Daar is gesis en gegrom

Die koue geluid van vrees

Die gekletter van gelag

'n Dowwe gezoem wat vir altyd geduur het

Maar musiek?

As dit bestaan het, kon ons dit nie hoor nie

Hy het musiek na ons toe gebring

Ons geleer sing

En stadig het ons begin: verstaan

Gids begin met 'n vals, toonlose lied om Orfeus op te wek. Hy staan op en verwyder die wit doodskleed wat Orfeus bedek. Daaronder is Orfeus se masker met 'n kraag van honderde rooi krale.

Later het ons hom doodgemaak

Orfeus

Ons het hom doodgemaak hier op hierdie einste plek

Ons het hom in stukke gebreek

Met 'n lied op ons lippe

Ons het sy ledemate oor die singende klippe verstrooi

Ons het sy kop in die meer gegooi

Dit dryf daar

In die skemer

Soos 'n vlam

Maar dit was later

Orfeus!

Orfeus!

Op die vloer van die arena, en met skoon, oosterse eenvoud manipuleer Gids 'n tradisionele houtsneebeeld van 'n man – die 'spirit doll' – en 'n wit veer om die storie van Orfeus se reis te dramatiseer. Hy keer terug met 'n klein bandopnemer en blikkerige fluitspel klink op.

Een aand toe hy nog jonk was

Sit Orfeus by die meer

En in die water sien hy

Die weerkaatsing van 'n wit voël

'n Voël wat lig uitstraal

Hy het vinnig opgekyk

Maar hy kon geen voël sien nie

Net die gespin van die sterre

Hy was ontstemd

Sy hart was verontrus

Hy het die meer verlaat sonder om terug te keer

Hy het sy mense verlaat sonder om terug te keer

Hy het sy plek verlaat en die nag-in geloop

Om hierdie glansende voël te vind

Om die voël te vind wat lig uitstraal

Hy het die woude fyngekam op soek na die voël

Hy het berge oorgesteek en riviere, op soek na die voël

Hy het gereis - vir jare

Want sy hart was verontrus

Uiteindelik, met sy gawe, keer hy terug

Gids bring die dramatisering tot 'n einde deur die standbeeldjie en veer te verenig.

1ii - aankoms

Daar is beweging by Orfeus en Gids verwyder saggies die masker. Orfeus se gesig onder die masker is goud geverf.

Orfeus!

Kyk jou klere

Die manier waarop jy loop

Die lig in jou oë

Kyk sy oë

Glinsterend soos sterre

Hy is terug

Wat het jy gesien?

Het jy die voël gevind?

Maar Orfeus sê niks nie

Gids oorhandig Orfeus se kitaar aan hom en hy begin saggies speel. Sy oë bly geslote. Gids sit voor hom om te luister. Pouse.

Gids gaan haal 'n ketel van die vuur af en skink water in 'n bad.

Hy weef sy klanke

Hy weef sy klank vir dae aanmekaar

En dwarsdeur die nagte

Hulle rys op rondom ons

Sy klanke

Hulle spoel teen ons ore

Die wêreld verskuif

En ons val

Gids neem die bad na Orfeus, kruip voor hom en vee Orfeus se voete af, waarna hy water in houers weerskante van die altaar skink.

Orfeus sing en die Gids sit betower deur sy lied.

Dit is 'n verhaal van val

In liefde val

Inval met 'n wysie

Rond val
En afval
Af
Af

Maande gaan verby
Orfeus sing
En een dag
Een vir een
Besef ons
Die wêreld het verander

Hierdie bome hier, hulle het eers boontoe gestaan
Die bome het nader gekom

En daardie langbeen voëls met die swart koppe
Hulle het altyd verby gevlieg
Hulle het nooit tevore hier geland nie

Die kewers, die verkleurmannetjies, die dassies, die uile
Hulle stop
Hulle luister
Elkeen in sy plek

Die paddas druk hulle ore
Teen die vel van die meer
Elkeen in sy plek

Ons luister
Sonder toekoms of verlede
Ons drink die antieke-oue storie van ons harte
As die musiek
Ons ore
Binnekom
En deur ons liggame syfer
Die stof saambind
En ons val

*Doe Gids val in by Orfeus se lied. Hy versamel blare van sy tafel af en steek dit
in die houers. Hy steek die kerse op die altaar aan.
Die sagte gekoer van duiwe vul die aandlug.*

Luister, die visse glinster op die oewers
Die ystervarke ritsel in die gras
Die lelies ontvou soos 'n simfonie

**Ons harte klop stadig tesame
Soos die vlerke van 'n wit voël
'n Voël wat lig uitstraal**

1iii - Eurydice

Orfeus se musiek styg in opwinding en 'n vrou rys in vervoering vanuit die gehoor en begin in die arena dans, vinniger en vinniger, terwyl sy haar klere uittrek totdat sy net in 'n wit sloop is, waarna sy inmeakaarsak en die lied eindig. Gids vang haar, hou haar vas, streef haar, vee haar gesig af, verf haar gesig goud en plaas vere in haar hare. Orfeus begin 'n sagte, klaende lied speel.

**Op die oggend waarin die wêreld heelword
Verskyn sy
'n Koraal op die bodem van 'n kuil
'n Juweel verborge in 'n droom
Het ons haar voorheen vermoed?
Net 'n gevoel
'n Naamlose moontlikheid
En nou: hier is sy
Eurydice**

Gids lig Eurydice op haar voete, en sy beweeg nader aan Orfeus terwyl sy liggies dans. Orfeus sing en Eurydice dans. Gids druk houtskool fyn en smeer dit oor sy oë waarna hy met oë teruggespeel speel, op soek na Slang. 'n Man – Slang – kom in, geklee in 'n balaklawa met 'n kleed van slangvel bo-oor sy skouer gegooi. Slang rol 'n sigaret en kyk toe. Die musiek word weer sakter, 'n onheilspellende polsslag.

**Die volgende karakter kom snags vanonder die grond uit
En hy hou dop
Met reptiel oë
En 'n reptiel tong
Flikkerend
Flikkerend
Met die soen van die dood
Sy reptiel soen**

Slang steek sy sigaret by die vuur aan. Eurydice is steeds besig om te dans.

**Gee pad Slang
Gaan terug na jou wêreld
Geheime wêreld
Beskaamde wêreld
Gaan weg**

Ons begin leer wie ons is

Orfeus begin sing. Slang stamp tot tussen die gehoor.

**Orfeus sing met liefde
Vanuit sy hart
En sy lied smelt haar vrese**

Eurydice antwoord met 'n lied.

**En Eurydice reageer vanuit haar hart
En liefde tree ons ore binne
Dit soen ons herinneringe
Dit syfer
Deur ons herinneringe
Soos rook**

Die musiek hou op. Eurydice kyk na Orfeus bo-oor die vuur. Wanneer Orfeus se naam geroep word maak hy vir die eerste keer sy oë oop en kyk na haar.

**Orfeus
Sê die vrou
Orfeus
Jy het my bevry
Al die jare het ek geslaap
Ek het gedroom dat jy my sal kom wakkermaak
En dat ons saam sal wees
Vir altyd
Sê die vrou
Vir altyd**

**En ons verstaan
Asof ons dit voorheen geweet het
Asof dit nog altyd in ons was
Wagtend om te ontwaak teen dagbreek**

Eurydice loop om die vuur om voor Orfeus te kniel met haar rug op hom. Hy begin sy liefdesliedjie speel.

**Die verhaal gaan oor 'n oomblik
'n Oomblik van helderheid
'n Fluistering van hoop
'n Belofte
'n Ster in die eensaamste nag**

Eurydice sing en Orfeus antwoord met 'n lied. Orfeus gee 'n kitaar aan Gids, sluit aan by Eurydice om die vuur en hulle gaan voort om vir mekaar te sing. Gids plaas blomme in houers en begin op die Tibetaanse bak speel. Orfeus en Eurydice maak liefde terwyl die lied wegsterf en die Tibetaanse bak weerklink.

1iv - dood

Slang kom te voorskyn uit die gehoor en laat val sy slangvel op die grond.

**En op die nag van hul huwelik
Nadat hulle liefde saamgesmelt het
Droom die man
En in sy droom seil die Slang die kamer binne**

**Dit is 'n warm nag
En die man kan nie beweeg nie**

**Die Slang kom in terwyl hulle slaap
'n Slang wat doelgerig is
Die vrou is sy prooi
Sy skubbe fluister oor die vloer**

Slang omsirkel die paartjie terwyl hy hul streef.

**Die Slang snuif aan die vrou terwyl sy slaap
Dit is 'n warm nag**

**Die man sien dit maar kan nie beweeg nie
In sy droom kan hy nie beweeg nie
Hy is verlam**

Slang verwyder 'n stuk materiaal uit sy sak en slaan na Eurydice, verwurg haar en stamp Orfeus opsy. Eurydice spartel en word dan slap. Slang penetreer haar mond met sy vingers, naai haar.

**Die Slang deurboor die vrou met sy giftige tande
Hy suig die lewe uit haar are
En ons drome verdof tot swart
Met die tong van Slang in haar vlees**

Die Slang tel Eurydice oor sy skouer en dra haar weg. Hy laat die slangvel kleeft op die grond agter.

1v - beroof

*Die Tibetaanse bak hou eensklaps op met lui en Orfeus word wakker.
Hy sing saggies, droewig aan homself. Hy sit geboë. Insekte sing.*

Voor Orfeus

Was daar geen musiek nie

Geen liedere

Geen wysies

Niks om te neurie as jy gelukkig voel of hartseer nie

ORFEUS: *singend*

Eurydice, Eurydice! *Iyokoko koleyo*

Gids beweeg nader aan die vuur en meng 'n brousel in 'n beker terwyl hy saggies sing.

STORIEVERTELLER:

Hy soek oral vir sy vrou

Hy soek tussen die klippe en die koue en die skadu's

Maar die vrou is weg

ORFEUS:

Eurydice, Eurydice!

Iyokoko koleyo

STORIEVERTELLER:

Hy soek oral na sy vrou

Maar sy kan nie gevind word nie

ORFEUS:

Eurydice, Eurydice!

Iyokoko koleyo

STORIEVERTELLER:

Hy soek oral na sy vrou

Maar sy kan nie gevind word nie

Dan weet hy dat hy sal moet gaan

Na die wêreld se geheime plekke

Waar lewendes nie durf gaan nie

ORFEUS:

Iyokoko koleyo

Gids neem die brousel en slangvel na Orfeus. Hy is besig om 'Tulila menda' saggies te sing en Gids val by hom in. Orfeus drink die brousel. Gids draai hom in die slangvel toe en plaas die masker oor sy gesig. Hy sit die 'Spirit Doll' in Orfeus se hande. Dan gooi hy olie op die vuur sodat dit opvlam. Hy skud sy houtratels terwyl hy die vuur sirkel, en roep Padda terwyl die 3 Aanbidders 'Tulila Menda' sing. Padda verskyn met 'n lantern uit die verte. Orfeus stort ineen wanneer die lied eindig.

STORIEVERTELLER:

**Dit is 'n storie van val
En glimpse wat ons sien terwyl ons val
Dis die verhaal van verborge dinge
Dinge wat onder die mat gegee word
Stil dinge
Dinge wat in die stof bloei**

Padda tree die arena binne, gryp die 'Spirit Doll' by Orfeus en spreek die gehoor toe.

PADDA:

**Volg my na die Onderwêreld in doodse stilte.
Bly op die pad.**

Padda lei die gehoor na 'n begraafplaas in die wildernis. 'n Enorme hangkas staan tussen stukkende doodskiste en grafstene.

11 – die onderwêreld

PADDA:

**In die Onderwêreld
Tol die verlore siele vir ewig
Jy sal sien
Donker sterre
Vir altyd draaiend
Bodemloos
Ongesien
Stil**

En in die doodskern van die Onderwêreld

**Wag die Groot Koning
Dat jy by hom aansluit.
Een dag sal jy.
Net soos Eurydice ...
Vir ewig bymekaar ...
Jy sal sien**

Volg my

Hy maak die deure van die hangkas oop en lei die gehoor in, tussendeur die klere en deur na die Onderwêreld. 'n Stippellyn van dofbeligte stasies kan gesien word oor die lengte van die Onderwêreld. Groot olievure brand. Die grond is bestrooi met bene. Die gehoor volg Padda van stasie tot stasie in die donker.

DIE VERGETE MAN: 'n Uiters skraal wit man met geskeurde onderklere staan in 'n poel modderwater omring deur gemors. Onkruid en stukke draad steek uit die grond. Hy is siek, blind, verward, waansinnig, hy hoes en vryf sy droeë vel; hy is totaal onbewus van ons teenwoordigheid. 'n Opname van sagte, onduidelike fluisterstemme spin 'n web om hom. Orfeus hardloop grootoog en singende nader aan die poel. Hy kniel by die rand van die poel.

ORFEUS: *sing en roep saggies*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

PADDA:
Verlore tussen sy herinneringe
Ontmoet Orfeus die Vergete Man
'Vergete Man, het jy nie my vrou gesien nie?' vra hy

Stilte, die man het hom nie gehoor nie.
Orfeus sing saggies, verdrietig.

'Is my vrou nie hierlangs verby nie, Vergete Man?'

Maar die Vergete Man verstaan nie
Hy was nog altyd net hier gewees
Hy het al vergeet dat hy 'n man is

Orfeus tree stadig terug, singende. Die Vergete Man besef sy teenwoordigheid, onderbreek sy obsessiewe krappery en leun met sy oor nader aan Orfeus. Orfeus hardloop weg, die donkerte in.

DIE GEBROKE MAN : 'n Kaal man – die Gebroke Man – is oopgesprei en vasgebind aan 'n bedraam van metaal. Dik rooi kabels dien hom gedurig elektriese skokke toe. Rook styg op van iewers. Die plek ruik na geskroei hare of vere. Die man is in pyn. 'n Skril gelui. Orfeus tree singende nader met sy masker aan.

ORFEUS: *sing en roep saggies*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

PADDA:

**In die Woestyn van Skande
Ontmoet Orfeus die Gebroke Man
'Gebroke Man, het jy nie my vrou gesien nie?'**

Stilte.

**Maar die Gebroke Man het geen antwoord nie
Hy was nog altyd net hier gewees
Die dinge wat hy gesê het onuitspreekbaar**

Orfeus vertrek al singende.

DIE SKOENMAKERS: Padda lei ons na 'n groepie klein, saamgedromde menslike gedaantes bo-op 'n stuk rooi plastiek omring deur 'n elektriese heining in die vorm van 'n vierkant. Elkeen is om die nek aan 'n silwer paal vasgeketting. Hulle is besig om wit sporttekkies vas te stik. 'n Gemonteerde megafoon skel 'n oneindige stroom onduidelike instruksies uit. Die plek ruik soos menslike ontlasting. Ons hou die toneel dop. Orfeus verskyn.

**ORFEUS: sing en roep saggies
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo**

PADDA:

**In die Vallei van Geen Terugkeer
Ontmoet Orfeus die Skoenmakers
'Skoenmakers, het julle nie my vrou gesien nie?' vra hy**

Die Skoenmakers kyk een vir een stadig op en staar na ons en ons sien hulle is uitgeteerde, vuil, swart kinders. Daar is koeiklokke aan die kettings om hul nekke vasgemaak.

'Ek het gekom om by die Groot Koning te pleit vir die lewe van my vrou.'

**Maar die Skoenmakers kon geen woorde vind nie
Hulle was nog altyd net hier gewees
Al hulle woorde is weg geneem**

Orfeus tree stadig terug terwyl hy droewig sing. Die kinders reageer, hou op met hul stikwerk en staar Orfeus agterna terwyl hulle liggies wieg op maat van sy lied.

DIE VLUGTELINGE: Padda lei ons na 'n verhoog waar 'n ma haar baba vashou. Sy sit op 'n lae stoeltjie in 'n hok. Ons hou die toneel dop. Orfeus kom nader.

ORFEUS: *sing en roep saggies*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

PADDA: *saggies*
Drywend op die See van Verlange
Ontmoet Orfeus die Vlugtelinge
‘Vlugtelinge, het julle my vrou gesien?’
Vra hy

Die vrou kyk verlore na ons.

Maar hulle antwoord is onhoorbaar
Hulle was nog altyd net hier gewees
Hulle het hulle stemme langs die pad verloor

DIE SENTRUM: Padda lei ons na ‘n shack met toegetrekte gordyne wat aan die voorkant hang. Bokse vol apparate en mediese voorrade staan oral opgestapel. Die Koning sit weggesak in ‘n gehawende leunstoel, besig om te iets te tik op sy skootrekenaar. Leë drankbottels lê by sy voete. Die lig werp harde skadu’s en ‘n elektriese gegons word gehoor. Padda beduie aan gehoor om op grasmatte stelling in te neem. Orfeus hardloop nader.

ORFEUS: *sing en roep saggies*
Eurydice, Eurydice!
Iyokoko koleyo

PADDA: *stilweg*
In die doodskern van die Onderwêreld
Ontmoet Orfeus die Groot Koning

KONING:
Wat soek jy my kind?
Wat jy ookal nodig het, ons kan dit reel.
Farmaseutiese middels, wapens, dwelms, kinders, olie, menslike organe,
edelgesteentes ... praat net
Jy sal met niks verbind word nie. Al die nodige papierwerk
Teen ‘n kwart van die prys.

PADDA:
‘Koning van die Onderwêreld, het jy nie my vrou gesien nie?’

KONING:
Vrouens?

Hy beduie aan Padda om die gordyn voor die hut oop te maak: 4 gemaskerde vroue geklee in wit slope sit in 'n ry. Hulle hande is agter hul rûe en daar is halsbande van metaal om hulle nekke.

Ouderdom: 11 tot 36 jaar
Maagde. Virusvry. Ingevoer.
Onvermoeibaar, goed afgerig, stil, weggooibaar ... 2 jaar waarborg.

Orfeus herken Eurydice en begin droewig sing.

KONING:

Hm Orfeus?

Jou sjarme gaan nie hier onder by ons werk nie, ou seun.

Sy sal jou nie herken nie, ek het almal hier se oordromme gebars, almal. Sy kan jou glad nie hoor nie.

Orfeus hou aan met sing. Eurydice beweeg nader aan hom.

Jy hoort nie hier nie!

Sy is nou een van my besittings.

Gaan soek 'n ander vrou om op jou mooi liedjies te dans

Besigheid is besigheid

Voertsek!

Eurydice sleep haarself tot by Orfeus. Hy vang haar en hulle klou aanmekaar vas. Die Koning is verstom en iets binne-in hom versag.

Okei Orfeus. Gaan. Vat haar! Gee net pad hier. Vat haar huis toe. Gou, voor dit te laat is.

Orfeus en Eurydice klou bewegingloos aan mekaar.

Maar luister nou mooi na my. Moenie omkyk nie. Hoor jy wat ek sê? Jy mag nie omkyk nie. Sy sal agter jou aan loop. Jy sal haar nie kan sien voordat jy by die huis is nie. As jy omdraai om te kyk of sy daar is, word sy myne. Verstaan jy? Jy sal haar dan nooit ooit weer sien nie. Gaan nou.

Loop!

Orfeus lei Eurydice weg.

PADDA:

Die man en die vrou het vir nagte geloop

Nagte sonder dae

Hulle het vir altyd geloop

In 'n wêreld sonder geluid
'n Wêreld sonder einde

'Moenie omkyk nie,' het die Groot Koning gesê
Hy stap dus
Die vrou agter hom
Maar is sy daar?
Is sy werklik daar?
Hy kan haar nie sien nie
Hy hoor haar nie
Nie 'n voetval
Nie 'n asemhaling nie

Hê vertrou Orfeus!
Vertrou in wie?
Vertrou in wat?
Is sy daar?
Sê nou sy het geval
Sê nou sy het afgedwaal
Omdat sy hom nie kan hoor nie
Hoe sal hy weet
Hy sal nooit weer hiernatoe kan kom nie
En hy sal haar vir altyd verloor

Hoe sterk is jou geloof?
Aleen
Blind
In die donker
Ligjare van die huis?

Padda lei gehoor terug verby die Lydendes wat Orfeus se lied sing.

111i - wagtend

'n Gemaskerde Orfeus lê in die sand, bedek met die Slangvel en sy kop in Gids se skoot. Gids streef hom, probeer hom op wek met die kruierook.

STORIEVERTELLER:
Hy sal terugkom
Hy sal altyd terugkom
Ons het drie dae gewag

Skielik angsbevange

Drie dae is 'n lang tyd

In 'n onbekende wêreld
Enige iets kon gebeur het
Wat sal van ons word?

Die diere ritsel in die gras
Hulle is weer roofdier en prooi
Hulle vergeet so gou
Hulle oë soos messe
Waar is Eurydice?

Dit is 'n verhaal van wag
Dit is 'n verhaal van geloof

Hy sal terugkom
Hy sal weer aan ons die verhaal van ons antieke harte sing
Sing van geboorte en liefde en die belofte van lewe
Sing sodat die leeu troetelend langs die lam kom lê
Die spinnekop vir die skoenlapper neurie
Alles in hulle plek
Vir altyd tesame
Bevry klop ons harte
Soos die vlerke van 'n wit voël
'n Voël wat lig uitstraal

111ii – die terugkeer

Orfeus roer en word wakker. Gids verwyder die masker en help hom orent. Hy is deurmekaar. Alles is doodstil.

Orfeus!
Orfeus, kyk na jou
Jy sal ons nooit alleen laat nie
Waar is jou vrou?
Waar is ons suster?
Het jy seer gekry?
Hy het seer gekry
Kyk hoe lyk jou oë
Wat het jy gesien?

Gids help Orfeus op regop sit op sy stoel.

Eurydice!
Waar is Eurydice?

Moenie in sy oë kyk nie

Hy het verander

Waar is Eurydice?

*Gids oorhandig sy kitaar aan hom en wag agter hom terwyl hy hom vertroos.
Orfeus begin kitaar speel: Lang droewige klanke.*

Orfeus praat nie

**Hy weef sy klanke
En hulle styg op rondom ons
Spoel oor ons, suig ons onder
Sleep ons weg
Anderkant die stadsmure
Anderkant die plase en velde
Anderkant die Grense van Ordelikheid
Na die vallei tussen twee asems**

Orfeus sing droewig.

**Die gesnik van vermiste kinders
Die kreune van die gebrokenes
Die vergetes
Die stemloses**

**Ons word ingeasem deur die Lied van die Onderwêreld
Die Geheim is uit
'n Ekstase van skande en van verdriet**

**Die visse huil
Die ystervarke bewe
Die lelies verlep
Alles gebreek
Alles verstrooi
Ons harte versink in die sand**

**Het jy omgekyk?
Die Koning het gesê: moenie omkyk nie
Het jy omgekyk?**

Gids verlaat Orfeus in wanhoop. Sit by die vuur. Orfeus sit sy treurige lied voort.

**Hy het paniekerig begin raak, beangs
Op die laaste oomblik het hy omgekyk
Sy was daar, net 'n paar tree agter hom
Hy het die ritseling gehoor**

Hy het die skeuring gevoel
Hy het in haar oë gekyk
Die oë van sy liefde
Weggesuig vir altyd in die donkerte

ORFEUS:
Eurydice!

STORIEVERTELLER:
So gou is alles verby

Orfeus begin 'n ander lied waarvan die hoogtepunt wondermooi en bittersoet is.

Dit is 'n verhaal van val
In liefde val
Inval met 'n wysie
Uitmekaarval
En afval
Af
Af

Storieverteller dans en sing saam met hom.

111iii - slot

Terwyl die lied wegsterf plaas Gids die doodskleed sagkens bo-oor Orfeus en die musiek stop. Hy lê die halssnoer met rooi krale bo-op sy kop neer.

Later het ons hom doodgemaak
Orfeus
Ons het hom doodgemaak hier op hierdie plek
Ons het hom in stukke gebreek
Met 'n lied op ons lippe
Ons het sy ledemate oor die singende klippe verstrooi
Ons het sy kop in die meer gegooi

Dit dryf daar
In die skemer
Soos 'n vlam
Steeds singend
Jy kan dit hoor
Soms
Op stil nagte
En dan onthou ons

Gids begin saggies neurie, vou die slangvel op en lê die masker aan Orfeus se voete neer.

Voor Orfeus

Was daar geen musiek nie

Verbeel jou

Geen liedere

Geen wysies

Niks om te neurie as jy gelukkig voel of hartseer nie

Hy het musiek na hierdie plek gebring

So stil is dit nou hier

Stadig het ons begin verstaan

Hy sal terug kom

Gids stook die vuur terwyl hy neurie. Storieverteller pak haar boek weg.

STORIEVERTELLER:

Kom

Sy lei die gehoor terug na die ontmoetingspunt.

EINDE